MM21

VERTROULIK

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

# WERKGELEENTHEDE IN DIE NOORD-SOTHOTUISLAND IN 1968

INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING

PRETORIA

1970

HSRC 001 3072068

| Klasnr./Class No. | Registernr./No. |
|---|---|
| 001.3072068 HSRC MM 21 | 39844/6 |

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

Privaatsak 41, Pretoria, Republiek van Suid-Afrika

| | |
|---|---|
| President: | Dr. P.M. Robbertse |
| Vise-presidente: | Dr. A.J. van Rooy en dr. J.D. Venter |
| Sekretaris: | Mej. K.M. Henshall |
| Direkteur: | Instituut vir Mannekragnavorsing: Mnr. W. Verhoef |

Institute en Departemente van die RGN

Instituut vir Geskiedenisnavorsing

Instituut vir Kommunikasienavorsing

Instituut vir Mannekragnavorsing

Instituut vir Navorsingsfinansiering en -koördinering

Instituut vir Opvoedkundige Navorsing

Instituut vir Psigometriese Navorsing

Instituut vir Sosiologiese Navorsing

Instituut vir Statistiese Navorsing

Instituut vir Taal, Lettere en Kuns

Departement van Inligting en Spesiale Dienste

Administrasie

Funksies van die RGN

Die RGN onderneem, bevorder en koördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, dien die Regering en ander instansies van advies insake die benutting van navorsingsresultate en versprei inligting betreffende die geesteswetenskappe.

39844

MM21

RGN·HSRC

RGN-BIBLIOTEEK

HSRC LIBRARY

VERVALDATUM/DATE DUE

1987 -07- 1 5

WERKG

H.J. REDELINGHUYS, M.A.

0000504522

INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING

DIREKTEUR: MNR. W. VERHOEF

PRETORIA

1970

Kopiereg voorbehou

001.3072068 HSRC MM 21

*050452*

2844363866

RGN BIBLIOTEEK HSRC
1978 -10- 30
STANDKODE
001.3072068 HSRC MM21
BESTELNOMMER
G
NOMMER
39844 6

# VOORWOORD

Sedert 1967 is die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (voorheen die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing) op versoek van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en die Departement van Bantoe-onderwys besig met opnames van werkgeleenthede in die Bantoetuislande. Verslae oor werkgeleenthede in die Transkei, die Tswanatuisland, die Ciskei, Witzieshoek en Natal is reeds gepubliseer en word nou gevolg deur die huidige verslag. Verslae oor die ander Noord-Transvaalse gebiede sal ook eersdaags vrygestel word.

'n Besondere woord van dank word gerig aan die beamptes van die Departement Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, sonder wie se hulp hierdie navorsing onmoontlik sou gewees het.

PRESIDENT

INHOUD

BLADSY

| | | |
|---|---|---|
| 1 | INLEIDING | 1 |
| 1.1 | Doelstellings met die ondersoek | 1 |
| 1.2 | Omskrywing van begrippe | 1 |
| 2 | METODE | 2 |
| 2.1 | Agtergrondsgegewens | 2 |
| 2.2 | Ondernemingsopname | 2 |
| 2.3 | Opnamegebied | 3 |
| 3 | HUIDIGE WERKGELEENTHEDE | 3 |
| 3.1 | Werkgeleenthede volgens beroepsgroep | 3 |
| 3.2 | Werkgeleenthede volgens industriële sektor | 11 |
| 3.3 | Werkgeleenthede volgens sektor en distrik | 13 |
| 3.4 | Werkgeleenthede volgens sektor en beroepsgroep | 15 |
| 4 | KWALIFIKASIEVEREISTES | 16 |
| 4.1 | Werkgeleenthede volgens kwalifikasievereistes | 16 |
| 4.2 | Kwalifikasievereistes volgens beroepsgroep | 17 |
| 4.3 | Kwalifikasievereistes volgens bevolkingsgroep | 18 |
| 5 | TOEKOMSTIGE WERKGELEENTHEDE BY BESTAANDE ONDERNEMINGS | 19 |
| 5.1 | Toekomstige werkgeleenthede volgens sektor | 19 |
| 5.2 | Toekomstige werkgeleenthede volgens beroepsgroep | 20 |
| 5.3 | Toekomstige werkgeleenthede volgens kwalifikasievereistes | 21 |
| 6 | ARBEIDSAANBOD EN WERKGELEENTHEDE | 22 |
| 7 | SLOT | 22 |

BYLAES

A Tabel van werkgeleenthede, gevulde poste vir subberoepsgroepe volgens bevolkingsgroep en geslag

B Tabel van werkgeleenthede, ongevulde poste vir subberoepsgroepe volgens bevolkingsgroep en geslag

C Tabel van huidige en toekomstige werkgeleenthede vir subberoepsgroepe

TABELLE


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 3.1 | BEROEPE (HUIDIGE EN TOEKOMSTIGE) AANGETREF IN DIE NOORD-SOTHOTUISLAND VOLGENS BEROEPSGROEP | 4 |
| 3.2 | GEVULDE POSTE, ONGEVULDE POSTE EN WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP | 7 |
| 3.3 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPS- EN BEVOLKINGSGROEP | 8 |
| 3.4 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP EN GESLAG | 9 |
| 3.5 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS SUBBEROEPSGROEP VIR DIE PROFESSIONELE BEROEPSGROEP | 10 |
| 3.6 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS SUBBEROEPSGROEP VIR DIE AMBAGTE | 11 |
| 3.7 | BEDRYFSTIPES WAT IN DIE NOORD-SOTHOTUISLAND VOORKOM VOLGENS SEKTOR | 12 |
| 3.8 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS INDUSTRIËLE SEKTOR | 13 |
| 3.9 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS SEKTOR EN DISTRIK | 14 |
| 3.10 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP EN SEKTOR | 15 |
| 4.1 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS KWALIFIKASIEVEREISTES | 16 |
| 4.2 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP EN KWALIFIKASIEVEREISTES | 17 |
| 4.3 | BREË KWALIFIKASIEVEREISTES VOLGENS BEVOLKINGSGROEP | 18 |
| 5.1 | TOEKOMSTIGE WERKGELEENTHEDE VOLGENS INDUSTRIËLE SEKTOR | 19 |
| 5.2 | VERWAGTE GROEI IN WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP, SOOS DEUR WERKGEWERS AANGEDUI | 20 |
| 5.3 | TOEKOMSTIGE WERKGELEENTHEDE VOLGENS BREË KWALIFIKASIEVEREISTES | 21 |

# 1 INLEIDING

Hierdie verslag oor werkgeleenthede in die Noord-Sothotuisland in 1968 is die sewende in 'n reeks wat oor die werkgeleenthede in die Bantoetuislande handel. In die eerste verslag van hierdie reeks, naamlik Werkgeleenthede in die Transkei is die algemene uitgangspun= te, agtergrond, probleemstelling en metode volledig behandel en word dus nie weer in hierdie verslag uiteengesit nie. Punte wat nodig is vir die interpretering van die gegewens word kortliks aangestip.

## 1.1 DOELSTELLINGS MET DIE ONDERSOEK

Die doelstellings met die ondersoek is drieledig, naamlik -

(a) die bepaling van die huidige en toekomstige werkgeleenthede in die Noord-Sothotuisland,

(b) die bepaling van die kwalifikasievereistes wat vir bogenoemde werkgeleenthede geld, en

(c) om 'n raming te maak van daardie gedeelte van die ekonomies bedrywige bevolking wat in dié tuisland deur die beskikbare werkgeleenthede buite die landbou geabsorbeer kan word.

## 1.2 OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

### 1.2.1 Werkgeleenthede

Die aantal gevulde plus ongevulde poste wat op 'n sekere tydstip by 'n onderneming bestaan, word vir die doel van hierdie verslag as werkgeleenthede beskou. 'n Werkende eienaar word beskou as 'n be= kleër van 'n pos.

### 1.2.2 "Huidig" en "toekomstig"

Die begrip "huidig" dui op die tydstip wanneer die opname gemaak is, naamlik Augustus 1968, terwyl "toekomstig" dui op 'n 5-jaarperiode, van datum van opname tot en met Augustus 1973.

### 1.2.3 Kwalifikasievereistes

Met kwalifikasievereistes word bedoel die minimum kwalifikasies (skolasties en/of beroepsopleiding) waaroor 'n werknemer gewoonlik moet beskik om in 'n pos aangestel te word.

## 2 METODE

In die lig van die doelstelling het die algemene metode daaruit bestaan dat daar van agtergrondsverslae en 'n ondernemingsopname gebruik gemaak is.

### 2.1 AGTERGRONDSGEGEWENS

Alvorens 'n veldwerker met sy opname in 'n distrik begin het, het hy eers die volgende inligting by die distriksamptenare van die Departement Bantoe-administrasie en -ontwikkeling verkry:

(a) Die getal en soort ondernemings in die distrik,

(b) name en adresse van erkende kerkgenootskappe wat in die distrik bedrywig is,

(c) 'n raming van die bevolkingsyfer (de jure en de facto), en

(d) die getal ekonomiese landbou-eenhede (indien moontlik).

### 2.2 ONDERNEMINGSOPNAME

#### 2.2.1 Vraelys

Inligting wat deur veldwerkers ten opsigte van die werkgewer se organisasie deur middel van 'n vraelys (vir 'n voorbeeld kyk vorige verslae) verkry is, is die volgende:

(a) Die verskillende beroepe in sy organisasie;

(b) die getal gevulde en ongevulde poste vir elke beroep;

(c) die verwagte uitbreiding van werkgeleenthede binne die volgende 5 jaar;

(d) die getal werkgeleenthede 5 jaar gelede, en

(e) die minimum opvoedkundige kwalifikasies wat vir die verskillende beroepe (huidige en toekomstige poste), vereis word.

Veldwerk het in Augustus 1968 plaasgevind. Slegs in die geval van kerkgenootskappe is daar van posvraelyste gebruik gemaak. Met die uitsondering van die vraag oor die getal werkgeleenthede 5 jaar gelede was die reaksie op die ander vrae bevredigend.

#### 2.2.2 Steekproef

Die algemene metode om die totale werkgeleenthede te bepaal, was om 20 persent van alle ondernemings in die Noord-Sothotuisland waar

die indiensnemingspatroon min of meer eenvormig is, te betrek en as verteenwoordigend van die universum van sodanige ondernemings te beskou. Hierdie ondernemings was beperk tot kleinhandelaars, slaghuise, groentewinkels, kafees en eethuise. Alle ander ondernemings is volledig in die opname betrek. Boerderye in die tuisland, tuisnywerhede en nywerhede in grensgebiede en werkgewers van huisbediendes is nie in die opname betrek nie. Die ondernemings wat by die steekproef betrek is, se gemiddelde indiensneming is tot dié van die universum vergroot. Vir sover dit die indiensneming by kerkgenootskappe betref, is slegs daardie kerkgenootskappe wat reageer het, se gegewens gebruik.

## 2.3 OPNAMEGEBIED

Die opnamegebied het al die Bantoesakekommissarisdistrikte van die Noord-Sothotuisland ingesluit, naamlik: Pietersburg, Potgietersrus, Bochum, Tzaneen, Duiwelskloof, Soekmekaar, Bosbokrand, Phalaborwa, Sekhukhuniland, Nebo en Groblersdal.

# 3 HUIDIGE WERKGELEENTHEDE

## 3.1 WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP

### 3.1.1 Beroepe wat in die Noord-Sothotuisland voorkom

Vir die doel van hierdie verslag is die beroepe wat in die Noord-Sothotuisland aangetref is, in beroepsgroepe ingedeel. In tabel 3.1 volg 'n uiteensetting van die indeling van beroepe in beroepsgroepe. Die uitgangspunt vir die spesifieke indeling is dat die groepering in 'n mate die opleiding sal weerspieël en terselfdertyd vergelykbaar sal bly met ander beroepsindelings, byvoorbeeld dié van die Departement van Statistiek en die indeling wat tans algemeen in die navorsing van die Instituut vir Mannekragnavorsing gebruik word.

TABEL 3.1

BEROEPE (HUIDIGE EN TOEKOMSTIGE) AANGETREF IN DIE NOORD-SOTHO-TUISLAND, VOLGENS BEROEPSGROEP

| Beroepsgroep (hoofletters) en subberoepsgroep (kleinletters) | Beroepe aangetref in die Noord-Sothotuisland |
|---|---|
| PROFESSIONELE WERKERS | |
| Ingenieurs en verwante werkers | Ingenieur |
| Natuurwetenskaplikes en agronome | Agronoom, huishoudkundige |
| Medici, tandartse en paramediese werkers | Medikus, oogkundige, apteker, fisioterapeut, radiografis, dieetkundige, arbeidsterapeut, paramedies (algemeen) |
| Verplegingsberoepe | Verpleegster, verplegingslektrise, vroedvrou, leerlingverpleegster, gesondheidsbesoeker, hospitaalmatrone, hulpverpleegster, verpleegassistent |
| Tegnici en tegniese assistente | Tegnikus (tekenaar, ingenieurswese, laboratoriumtegnikus), tegniese assistent (natrekker, ander), landbouvoorligter en landboubeampte, bosbouer |
| Onderwysberoepe | Onderwyser (laer en sekondêre skool, beroepsopleidingskool), inspekteur, toesighouer, dosent |
| Regsberoepe en rekenmeesters | Regsassistent |
| Predikante en priesters | Predikant, priester, evangelis, geestelike werker, leerling priester, teologiese dosent |
| Skrywers, joernaliste en vertalers | Skrywer, joernalis, vertaler |
| Sosiale werkers en bibliotekarisse | Sosioloog, sosiale werker, bibliotekaris |
| BESTURENDE, UITVOERENDE EN ADMINISTRATIEWE WERKERS | |
| Uitvoerende en administratiewe werkers (owerheid) | Verkose beampte, hoëvlak administratiewe beampte, hoëvlak uitvoerende beampte, skoolraadsekretaris |
| Bestuursberoepe | Bestuurder (groot en kleinhandel), hoëvlak administratiewe beampte (nie owerheid) bv. stadsklerk en hospitaal sekretaris, bestuurder (onder), werkende eienaar |

TABEL 3.1 (vervolg)

| Beroepsgroep (hoofletters) en subberoepsgroep (kleinletters) | Beroepe aangetref in die Noord-Sothotuisland |
|---|---|
| KLERKLIKE WERKERS | |
| Boekhouers | Boekhouer, rekenmeester (nie geregistreer), kassier |
| Tiksters en snelskriftiksters | Tikster, snelskriftikster |
| Klerke | Klerk, ontvangsdame, tolk |
| VERKOOPSWERKERS | |
| Handelsreisigers | Handelsreisiger |
| Toonbankassistente | Toonbankassistent, smous, petroljoggie, propagandis |
| MYN EN STEENGROEFWERKERS | |
| Mynwerkers | Myner, leerlingmyner, meulman |
| VERVOER- EN KOMMUNIKASIEWERKERS | |
| Padvervoerwerkers | Bus-, motor-, vragmotor- en trekkerbestuurder, kaartjiesondersoeker, kondukteur, aflewerings- of drywerassistant |
| Kommunikasiewerkers | Briewebesteller, possorteerder, telefonis, bode, kollektant |
| DIENSWERKERS | |
| Polisie en verwante werkers | Polisie (alle range), veld- en boswag, stampolisie, nag-, deur- en hekwag, voertuigtoesighouer |
| Losieshuis en verwante werkers | Sjef, kok, huishoudkundige matrone, huishoudster, alle werkers in kombuise, met linne en in toesighoudende hoedanighede, kroegman, kelner, halfopgeleide losieshuisbediendes |
| Diverse werkers in dienshoedanigheid | Opsigter |
| AMBAGSMANNE EN VAKLEERLINGE | |
| Ambagsmanne, Vakleerlinge Ongekwalifiseerde ambagsmanne | Gekwalifiseerde en ongekwalifiseerde ambagsmanne en vakleerlinge in die volgende ambagte:<br>(a) Elektrotegniese en motorambagte<br>Passer en draaier, elektrisiën, motorwerktuigkundige<br>(b) Bou- en meubelambagte<br>Messelaar, pleisteraar, bouer, timmerman, skrynwerker, skilder, loodgieter, faktotum<br>(c) Ander ambagte<br>Meulenaar, blokman, haarkapper, leerambag en boekbinder<br>(d) Ambagsmanne en -voormanne (nie-gespesifiseer)<br>Toesighouer, voorman van werke en ambagsman |

TABEL 3.1 (vervolg)

| Beroepsgroep (hoofletters) en subberoepsgroep (kleinletters) | Beroepe aangetref in die Noord-Sothotuisland |
|---|---|
| OPERATEURS EN HALFGESKOOLDES | |
| Operateurs en halfgeskooldes | Voorman, toesighouer, saagmeuloperateur, saagdokter, stootskraper- en hyskraanoperateur, kleremaker, naaldwerkster, pad- en dipbakwerker, halfgeskoolde ingenieurs - of ambagsassistent, assistent vir ambagsmanne wat spesiale indiensopleiding moes ontvang of tegniese kursusse voltooi het |
| ARBEIDERS | |
| Arbeiders | Alle arbeiders behalwe plaasarbeiders werksaam buite die owerheidsektor |

3.1.2 Werkgeleenthede volgens beroepsgroep

(a) Gevulde en ongevulde poste

'n Weergawe van die getal gevulde en ongevulde poste en werkgeleenthede volgens beroepsgroep volg in tabel 3.2. 'n Fynere verdeling van gevulde en ongevulde poste volgens subberoepsgroepe word in bylaag **A**, **B** en **C** onderskeidelik gegee. As gevolg van afronding kom die totale persentasies nie altyd op 100.0 te staan nie. Gevolglik word die totale persentasie in al die tabelle slegs as 100 aangedui.

Uit tabel 3.2 blyk dat daar in 1968 'n totaal van 20 565 werkgeleenthede (gevulde en ongevulde poste) in hierdie tuisland was. Vir arbeiders bestaan daar die meeste werkgeleenthede, naamlik 9 337 of 45.4 persent van die totale werkgeleenthede. Hierna volg die professionele beroepsgroep met 5 432 werkgeleenthede of 26.4 persent van die totale werkgeleenthede. Die getal ongevulde poste kom te staan op 1 955 of 9.5 persent van die totale werkgeleenthede. Die beroepsgroepe waarvoor daar die meeste ongevulde poste bestaan is vir "Professionele werkers", 1 086 ongevulde poste (20 persent) en "Arbeiders", 483 ongevulde poste (5.2 persent). Dit blyk verder dat die volgende beroepsgroepe na verhouding oor die meeste ongevulde poste beskik, naamlik "Ambagsmanne en vakleerlinge" 145 (37.2 persent) gevolg deur "Klerklike werkers" met 156 (22.3 persent) en "Professionele werkers" met 1 086 ongevulde poste (20 persent).

TABEL 3.2

GEVULDE POSTE, ONGEVULDE POSTE EN WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP

| Beroepsgroep | Gevulde poste | | Ongevulde poste | | Totaal: Werkgeleenthede | | Persentasieverdeling van werkgeleenthede volgens beroepsgroep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | |
| Professionele werkers | 4 346 | 80.0 | 1 086 | 20.0 | 5 432 | 100 | 26.4 |
| Besturende, uitvoerende en administratiewe werkers | 1 107 | 98.0 | 23 | 2.0 | 1 130 | 100 | 5.5 |
| Klerklike werkers | 544 | 77.7 | 156 | 22.3 | 700 | 100 | 3.4 |
| Verkoopswerkers | 1 755 | 98.7 | 24 | 1.4 | 1 779 | 100 | 8.7 |
| Myn- en steengroefwerkers | 23 | 100.0 | - | - | 23 | 100 | 0.1 |
| Vervoer- en kommunikasiewerkers | 646 | 97.1 | 19 | 2.9 | 665 | 100 | 3.2 |
| Dienswerkers | 577 | 99.1 | 5 | 0.9 | 582 | 100 | 2.8 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 245 | 62.8 | 145 | 37.2 | 390 | 100 | 1.9 |
| Operateurs en halfgeskooldes | 513 | 97.3 | 14 | 2.7 | 527 | 100 | 2.6 |
| Arbeiders | 8 854 | 94.8 | 483 | 5.2 | 9 337 | 100 | 45.4 |
| TOTAAL | 18 610 | 90.5 | 1 955 | 9.5 | 20 565 | 100 | 100 |

(b) Werkgeleenthede volgens beroeps- en bevolkingsgroep

In tabel 3.3 word 'n uiteensetting van werkgeleenthede volgens beroeps- en bevolkingsgroep gegee. Die term "Nie-Blank" sluit ook enkele Kleurlinge wat in dié tuisland aangetref is, in.

Uit tabel 3.3 blyk dat daar 972 werkgeleenthede (4.7 persent) vir Blankes bestaan. Die meeste van hierdie werkgeleenthede is vir professionele werkers wat oor byna die helfte van hierdie werkgeleenthede beskik, naamlik 453 werkgeleenthede (46.6 persent). Die werkgeleenthede vir hierdie beroepsgroep (soos blyk uit bylae A en B) is merendeels vir onderwysers (155 werkgeleenthede), predikante en priesters (107 werkgeleenthede) en tegnici en tegniese assistente (79 werkgeleenthede). Klerklike werkers beskik oor die tweede meeste werkgeleenthede, naamlik 173 werkgeleenthede (17.8 persent).

Die totale werkgeleenthede vir Nie-Blankes kom op 19 593 werkgeleenthede te staan. Die meeste van hierdie werkgeleenthede is vir arbeiders, naamlik 9 337 werkgeleenthede (47.6 persent) gevolg deur professionele werkers met 4 979 werkgeleenthede (25.4 persent). Laasgenoemde werkgeleenthede is hoofsaaklik vir onderwysers ( 3 389 werkgeleenthede), predikante en priesters (400 werkgeleenthede) en tegnici en tegniese assistente (255 werkgeleenthede).

TABEL 3.3

WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPS- EN BEVOLKINGSGROEP

| Beroepsgroep | Werkgeleenthede | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Blank | | Nie-Blank | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Professionele werkers | 453 | 46.6 | 4 979 | 25.4 | 5 432 | 26.4 |
| Besturende, uitvoerende en administratiewe werkers | 116 | 11.9 | 1 014 | 5.2 | 1 130 | 5.5 |
| Klerklike werkers | 173 | 17.8 | 527 | 2.7 | 700 | 3.4 |
| Verkoopswerkers | 17 | 1.7 | 1 762 | 9.0 | 1 779 | 8.7 |
| Myn- en steengroefwerkers | 23 | 2.4 | - | - | 23 | 0.1 |
| Vervoer- en kommunikasiewerkers | 9 | 0.9 | 656 | 3.3 | 665 | 3.2 |
| Dienswerkers | 59 | 6.1 | 523 | 2.7 | 582 | 2.8 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 89 | 9.1 | 301 | 1.5 | 390 | 1.9 |
| Operateurs en halfgeskooldes | 33 | 3.4 | 494 | 2.5 | 527 | 2.6 |
| Arbeiders | - | - | 9 337 | 47.6 | 9 337 | 45.4 |
| TOTAAL | 972 | 100 | 19 593 | 100 | 20 565 | 100 |
| % | | 4.7 | | 95.3 | | 100 |

(c) Werkgeleenthede volgens beroepsgroep en geslag

In tabel 3.4 volg 'n weergawe van werkgeleenthede volgens beroepsgroep en geslag.

TABEL 3.4

WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP EN GESLAG

| Beroepsgroep | Werkgeleenthede | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Manlik | | Vroulik | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Professionele werkers | 2 941 | 54.1 | 2 491 | 45.9 | 5 432 | 100 |
| Besturende, uitvoerende en administratiewe werkers | 999 | 88.4 | 131 | 11.6 | 1 130 | 100 |
| Klerklike werkers | 619 | 88.4 | 81 | 11.6 | 700 | 100 |
| Verkoopswerkers | 1 203 | 67.6 | 576 | 32.4 | 1 779 | 100 |
| Myn- en steengroefwerkers | 23 | 100.0 | - | - | 23 | 100 |
| Vervoer- en kommunikasiewerkers | 658 | 99.0 | 7 | 1.1 | 665 | 100 |
| Dienswerkers | 483 | 83.0 | 99 | 17.0 | 582 | 100 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 384 | 98.5 | 6 | 1.5 | 390 | 100 |
| Operateurs en halfgeskooldes | 433 | 82.2 | 94 | 17.8 | 527 | 100 |
| Arbeiders | 7 444 | 79.7 | 1 893 | 20.3 | 9 337 | 100 |
| TOTAAL | 15 187 | 73.8 | 5 378 | 26.2 | 20 565 | 100 |

Tabel 3.4 toon dat daar in al die beroepsgroepe meer werkgeleenthede vir mans as vir vroue is. Die verhouding van die werkgeleenthede vir mans tot dié vir vroue is ongeveer 3 : 1. Die meeste werkgeleenthede vir mans sówel as vroue kom in die beroepsgroepe "Arbeiders" en "Professionele werkers" voor. Vir arbeiders bestaan daar 7 444 werkgeleenthede vir mans teenoor 1 893 vir vroue terwyl daar in die geval van professionele werkers 2 941 werkgeleenthede vir mans teenoor 2 491 werkgeleenthede vir vroue bestaan.

(d) <u>'n Ontleding ten opsigte van die professionele beroepsgroep en die ambagte</u>

Aangesien hierdie beroepsgroepe 'n belangrike rol in die ontwikkeling van onderontwikkelde gebiede speel, word daar in tabelle 3.5 en 3.6 'n fynere ontleding van genoemde beroepsgroepe gegee.

TABEL 3.5

WERKGELEENTHEDE VOLGENS SUBBEROEPSGROEP VIR DIE PROFESSIONELE BEROEPSGROEP

| Beroepsgroep | Werkgeleenthede | |
|---|---|---|
| | Getal | % |
| Ingenieurs en verwante werkers | 1 | 0.02 |
| Agronome en skeikundiges | 7 | 0.1 |
| Medici, tandartse en paramediese werkers | 60 | 1.1 |
| Verplegingsberoepe | 966 | 17.8 |
| Tegnici en tegniese assistente | 334 | 6.1 |
| Onderwysberoepe | 3 544 | 65.2 |
| Regsberoepe en rekenmeesters | 1 | 0.02 |
| Predikante en priesters | 507 | 9.3 |
| Skrywers, joernaliste en vertalers | 1 | 0.02 |
| Sosiale werkers en bibliotekarisse | 11 | 0.2 |
| TOTAAL | 5 432 | 100 |

Volgens tabel 3.5 bestaan die meeste werkgeleenthede vir die professionele beroepsgroep in die volgende subberoepsgroepe: "Onderwysberoepe", 3 544 werkgeleenthede (65.2 persent), "Verplegingsberoepe", 966 werkgeleenthede (17.8 persent) en "Predikante en priesters" 507 werkgeleenthede (9.3 persent).

Uit tabel 3.6 blyk dit dat werkgeleenthede in die ambagsberoepe (gekwalifiseerd) hoofsaaklik in die volgende beroepsgroepe voorkom: "Ambagsmanne en -voormanne (nie gespesifiseer, 176 werkgeleenthede) "Faktotum" (26 werkgeleenthede) en "Motorwerktuigkundige" (11 werkgeleenthede). Die werkgeleenthede in eersgenoemde beroepsgroep is staatsdiensposte wat op die tydstip van opname nie gespesifiseer kon word nie. Uit 'n totaal van 390 ambagswerkgeleenthede is 131, of 33.6 persent van die werkgeleenthede vir ongespesifiseerde ambagsmanne. Dit blyk verder dat die vraag na vakleerlinge baie beperk is aangesien daar slegs 24 werkgeleenthede in hierdie beroepsgroep bestaan.



RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

TABEL 3.6

WERKGELEENTHEDE VOLGENS SUBBEROEPSGROEP VIR DIE AMBAGTE

| Beroepsgroep | Werkgeleenthede | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Kw.(1) | Onkw.(2) | Vakl.(3) | Totaal | % |
| Passers en draaiers | 2 | 1 | - | 3 | 0.8 |
| Elektrisiëns | 7 | 2 | - | 9 | 2.3 |
| Motorwerktuigkundiges | 11 | 11 | 8 | 30 | 7.7 |
| Bouers, messelaars, pleisteraars, ens. | 4 | 22 | 6 | 32 | 8.2 |
| Timmermanne, skrynwerkers | - | 11 | 3 | 14 | 3.6 |
| Skilders | - | 2 | 2 | 4 | 1.0 |
| Loodgieters | - | 21 | 1 | 22 | 5.6 |
| Meulenaars | 4 | 9 | - | 13 | 3.3 |
| Blokmanne | 5 | 28 | - | 33 | 8.5 |
| Boekbinders | - | - | 2 | 2 | 0.5 |
| Haarkappers | - | 9 | - | 9 | 2.3 |
| Leerwerkers | - | 4 | 2 | 6 | 1.5 |
| Faktotums | 26 | 11 | - | 37 | 9.5 |
| Ambagsmanne en -voormanne (nie gespesifiseer) | 176 | - | - | 176 | 45.1 |
| TOTAAL | 235 | 131 | 24 | 390 | 100 |

(1) Kw. - Gekwalifiseerde ambagsmanne

(2) Onkw. - Ongekwalifiseerde ambagsmanne

(3) Vakl. - Vakleerlinge

## 3.2 WERKGELEENTHEDE VOLGENS INDUSTRIËLE SEKTOR

### 3.2.1 Bedryfstipes wat in die Noord-Sothotuisland voorkom, volgens sektor

In tabel 3.7 word die bedryfstipes wat in die tuisland tydens opname betrek is, volgens sektore geklassifiseer.

TABEL 3.7

BEDRYFSTIPES WAT IN DIE NOORD-SOTHOTUISLAND VOORKOM VOLGENS SEKTOR

| Sektor | Bedryfstipe |
|---|---|
| 1. Landbou, bosbou, jag en visvangs | Nie in opname betrek nie |
| 2. Mynbou en steengroewe | Slegs myne is aangetref |
| 3. Fabriekswese | Bakkerye, verwerking van hout, leer, vleis, veselstowwe en rottang, steenmakerye, verwerking van tekstielprodukte, ingenieursfirmas, grofsmede, loodgieters, garages, versoolwerke, motoringenieurswerke, voedsel en drankvervaardiging (behalwe bakkerye en melkerye), skoenrepareerders |
| 4. Konstruksie | Boukontrakteurs |
| 5. Elektrisiteit, gas en water | Geen |
| 6. Handel | Kleinhandelsondernemings, slaghuise, groothandelsondernemings, smouse |
| 7. Vervoer, berging en kommunikasie | Padvervoerkontrakteurs, vuilgoedverwyderaars, busdienste, huurmotors en Poskantoor |
| 8. Dienste | Kerkgenootskappe, sedinggenootskappe, hospitale, kafees, restaurants, eethuise, biersale, aptekers, kruieaptekers, losieshuise, haarkappers, mediese praktyke, arbeidswerwingskantore, banke, bougenootskappe, versekeringsmaatskappye, begrafnisondernemers |
| 9. Owerheid | Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, Bantoe-onderwys, Bosbou, Polisie, gebiedsowerheid en stamowerhede |

### 3.2.2 Werkgeleenthede volgens industriële sektor

In tabel 3.8 volg 'n weergawe van werkgeleenthede volgens industriële sektor.

TABEL 3.8

WERKGELEENTHEDE VOLGENS INDUSTRIëLE SEKTOR

| Sektor | Werkgeleenthede Getal | % |
|---|---|---|
| Mynbou en steengroewe | 2 009 | 9.8 |
| Fabriekswese | 346 | 1.7 |
| Konstruksie | 7 | 0.03 |
| Handel | 3 404 | 16.6 |
| Vervoer, berging en kommunikasie | 300 | 1.5 |
| Dienste | 2 986 | 14.5 |
| Owerheid | 11 513 | 56.0 |
| TOTAAL | 20 565 | 100 |

Volgens tabel 3.8 bestaan die meeste werkgeleenthede in die owerheidsektor, naamlik 11 513 werkgeleenthede (56 persent). Die sektor "Handel" kom tweede met 3 404 werkgeleenthede (16.6 persent) terwyl die derde en vierde plek onderskeidelik ingeneem word deur die sektor "Dienste" met 2 986 werkgeleenthede (14.5 persent) en die sektor "Mynbou en steengroewe" met 2 009 (9.8 persent). Die werkgeleenthede in laasgenoemde sektor is beperk tot mynbou alleen aangesien geen steengroewe aangetref is nie.

3.3 WERKGELEENTHEDE VOLGENS SEKTOR EN DISTRIK

In tabel 3.9 volg 'n weergawe van die werkgeleenthede volgens sektor en distrik.

Sekere gegewens byvoorbeeld die indiensneming deur die owerheid, Poskantoor en sekere kerkgenootskappe kon nie op 'n distrikbasis verkry word nie en gevolglik is al die werkgeleenthede wat by hierdie instansies bestaan, onder die kategorie "Diverse distrikte" geklassifiseer - arbeiders in diens van die Suid-Afrikaanse Bantoetrust is egter op 'n distriksbasis ingesluit.

TABEL 3.9

WERKGELEENTHEDE VOLGENS SEKTOR EN DISTRIK

| Sektor | Potgietersrus | Pietersburg | Bochum | Soekmekaar | Duiwelskloof | Tzaneen | Bosbokrand | Phalaborwa | Sekhukhuni | Nebo | Groblersdal | Diverse distrikte | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Mynbou en steengroewe | - | 1 242 | - | - | - | - | - | - | 767 | - | - | - | 2 009 |
| Fabriekswese | 29 | 127 | 1 | 14 | 9 | 31 | 10 | 2 | 16 | 93 | 14 | - | 346 |
| Konstruksie | - | - | - | - | 7 | - | - | - | - | - | - | - | 7 |
| Handel | 242 | 713 | 307 | 114 | 229 | 150 | 215 | 147 | 532 | 477 | 278 | - | 3 404 |
| Vervoer, berging en kommunikasie | 2 | 34 | - | 20 | 50 | - | 16 | 88 | 24 | 17 | 11 | 38 | 300 |
| Dienste | 121 | 304 | 113 | 37 | 79 | 67 | 578 | 34 | 399 | 831 | 423 | - | 2 986 |
| Owerheid | 600 | 1 328 | 96 | 413 | 464 | 747 | 1 386 | 262 | 311 | 171 | 306 | 5 429 | 11 513 |
| TOTAAL | 994 | 3 748 | 517 | 598 | 838 | 995 | 2 205 | 533 | 2 049 | 1 589 | 1 032 | 5 467 | 20 565 |
| % van totaal | 4.8 | 18.2 | 2.5 | 2.9 | 4.1 | 4.8 | 10.7 | 2.6 | 10.0 | 7.7 | 5.0 | 26.6 | 100 |
| % van 15 098 (totaal minus "Diverse distrikte") | 6.6 | 24.8 | 3.4 | 4.0 | 5.6 | 6.6 | 14.6 | 3.5 | 13.6 | 10.5 | 6.8 | - | 100 |

Uit tabel 3.9 blyk dat die meeste werkgeleenthede in die kategorie "Diverse distrikte" voorkom, naamlik 5 467 werkgeleenthede of 26.6 persent van die totale werkgeleenthede. Wanneer daar 'n vergelyking van die totale werkgeleenthede in die verskillende distrikte gemaak word, sonder dat die werkgeleenthede in "Diverse distrikte" in berekening gebring word, blyk dit dat Pietersburg die meeste werkgeleenthede bied, naamlik 3 748 werkgeleenthede (24.8 persent). Tweedens volg Bosbokrand met 2 205 werkgeleenthede (14.6 persent) en derdens Sekhukhuni met 2 049 werkgeleenthede (13.6 persent). Die distrik met die minste werkgeleenthede is Bochum met 517 werkgeleenthede (3.4 persent).

## 3.4 WERKGELEENTHEDE VOLGENS SEKTOR EN BEROEPSGROEP

In tabel 3.10 volg 'n uiteensetting van werkgeleenthede volgens beroepsgroep en sektor.

TABEL 3.10

WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP EN SEKTOR

| Beroepsgroep | Sektor | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mynbou- en steengroewe | Fabriekswese | Konstruksie | Handel | Vervoer | Dienste | Owerheid | Totaal |
| Professionele werkers | 1 | - | - | - | - | 1 508 | 3 923 | 5 432 |
| Besturende, uitvoerende en administratiewe werkers | 10 | 44 | - | 821 | 21 | 116 | 118 | 1 130 |
| Klerklike werkers | 23 | 10 | - | 109 | 22 | 79 | 457 | 700 |
